Date : February, 26 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 2

Mnre. Wynand Hart ('n boer), Kallie Kriel van AfriForum, Louis Fick en Ben Freeth, albei boere, verlaat die hooggeregshof in Pretoria. Foto: JACO MARAIS

Boere kry hofbevel oor hul grond in Zim

Sal help om vergoeding vir onteiende plase te bekom

Jeanne-Marié Versluis

Meer as 70 wit kommersiële boere wat slagoffers is van Zimbabwe se grondonteiening het gister 'n geskiedkundige hofbevel in Suid-Afrika bekom.

Die hooggeregshof in Pretoria het verklaar dat 'n tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se uitsprake teen pres. Robert Mugabe se grondonteiening in Suid-Afrika geregistreer en erken word en afdwingbaar is.

Boere wat in Zimbabwe van hul grond verjaag is en gister by die hof was, het van oor tot oor geglimlag oor regter Charl Rabie se bevel.

Die SAOG-tribunaal het in 2008 en verlede jaar in Windhoek beslis Mugabe se grondhervormingsprogram is onwettig en rassisties en dat boere wat van hul plase verdryf is, daarheen moet kan terugkeer.

Die boere wat die aansoek om dié registrasie ingedien het, is mnre. *Louis Fick, Thomas Etheredge en* Michael Campbell.

Hulle het die bevel verkry om hulle te help om vergoeding vir hul verliese te bekom, soos die beslaglegging van vaste Zimbabwiese staatsbates (wat diplomatieke bates uitsluit) in Suid-Afrika.

Die aansoek is ingedien teen die Zimbabwe-regering, wat hom vroeër aan die hofverrigtinge onttrek het.

Adv. Jeremy Gauntlett SC, namens die drie boere, het in die hof gesê dit sal 'n geskiedkundige bevel deur 'n Suid-Afrikaanse hof wees om die tribunaaluitsprake te registreer.

Die hooggeregshof in Harare, Zimbabwe, het vroeër geweier om dit daar te registreer.

Gauntlett het gesê die applikante het 'n goeie saak bewys om die bevel te kan verkry.

Die hof het gister gelas dat die koste wat gespruit het uit die tribunaalbevindings vasgestel word op R112 780,13.

Mnr. Willie Spies, regsverteenwoordiger van AfriForum wat die applikante in hul aansoek bygestaan het, het gesê die boere se volgende stap is om dié koste van die Zimbabwiese regering te probeer verhaal. As dit nie werk nie, sal aansoek gedoen word om lasbriewe om op vaste bates van die Zimbabwe-regering in Suid-Afrika beslag te lê om dié koste te verhaal.

Mnr. Ben Freeth, Campbell se skoonseun, het ná gister se bevel gesê: "Vandag is 'n oorwinning vir *geregtigheid. Ek is baie opgewon*de."

Fick, 'n Suid-Afrikaner wat naby Chinoye in die ooste van Zimbabwe geboer het en nou in Harare woon, het gesê: "Ons doen een stap op 'n slag, maar dié is 'n baie belangrike stap."

Fick het van 1993 hier gewoon. Nou is die hekke gesluit en hy kan nie hier inkom nie. "Dankie vir almal wat vir ons gebid het. Die bevel gee ons moed en hoop."